Wat is jou storie?

13 Augustus 2023 Ds Dirkie van der Spuy dvdspuy@moreleta.co.za

Inleiding

Moreleta Kerk se visie is dat die geestelike water al wyer moet loop en al meer mense moet deel word van God se familie, daarom is dit nodig om seker te maak dat elke lidmaat in ons gemeente gemotiveerd en toegerus is om met mense 'n geestelike gesprek te kan voer. Ons gaan vir die volgende aantal weke deur die prediking en die kringe lidmate help om met vrymoedigheid te vertel wat Jesus vir ons aan die kruis gedoen het en nou vir ons 'n werklikheid wil maak.

Wenke vir leier

1. Die kringleier moet vooraf die lesing goed deurgaan sodat daar 'n vrymoedige bespreking in die kring kan plaasvind.
2. Die kringleier moet slegs die vrae hieronder vra en 'n gesprek fasiliteer oor die vraag.
3. Maak seker dat elke lid in die kring deelneem aan die gesprek.
4. Skep so 'n atmosfeer van vertroue en vrymoedigheid dat elke lid betrokke sal bly en sal deelneem.
5. Kyk dat die kring afgesluit word deur getuienisse van wat Jesus in die kringlede se lewe gedoen het, sodat elkeen oefening kry om vrymoedig te getuig.

Kyk weer: Erediens

Kyk gerus: Deel jou Geloof - Sessie 1

Terugvoer van die erediens

Laat elkeen wat die diens bygewoon het vertel wat hom/haar aangespreek het.

Besprekingsvrae en antwoorde

- Wat verstaan die kringlede onder die term "getuienis"?

Antwoord:

- Om te getuig is nie om te stry, te baklei of te preek nie. Om te getuig beteken dat 'n mens die waarhede van God soos saad in iemand se lewe saai en die Heilige Gees vertrou om dit te laat groei. Getuienis beteken dat 'n mens vertel wat jy persoonlik ervaar het en weet dat dit die waarheid is. In kort, sou dit beteken dat 'n mens oorvertel wat Jesus in jou lewe vir jou kom doen het.

- Hoekom voel baie mense dat Christene nie openlik oor hulle geloof moet praat nie en dat getuienis uit die mode is?

Antwoord:

- **Kultuur van ons dag**. Barna opname bevind dat **47%** van jongmense glo dis verkeerd om jou persoonlike getuienis en oortuigings met nie-Christene te deel. Jy mag nie met 'n nie-Christen verskil anders oordeel jy. **Matt.7:1** is die meeste aangehaal. Selfs sosiale uitreike en voorsiening in nood geskied sonder om die evangelie te verkondig.

Besprekingsvrae en antwoorde

- **Sleutelwoorde**. **NIE**: Sonde, vergifnis, straf, oordeel, hel, bekering, **maar** eerder liefde, aanvaarding, verdraagsaam, toleransie, inklusief, diversiteit, genadig, nie oordeel nie. Pasop om die Bybel letterlik op te neem want dit is fundamentalisme.
- **Ons opvoeding**. Moenie godsdiens goedkoop maak en daarmee te koop loop nie. Godsdiens is 'n persoonlike en 'n privaat saak en mens praat nie daaroor nie. Pasop om soos die sektes te word en op die hoeke van die strate te getuig.
- **Ons is vasgevang in ons ou natuur**. My naam, eer, gemak, program is belangriker as God se opdrag. Ek gee nie om wat van ander in die ewigheid sal word nie. Ek is selfsugtig en dink ander moet die getuienis taak doen. Van nature is ons skaam en bang vir verwerping.
- **Ek vrees mense meer as God**. Ons is bang om gespot of verwerp (uitgesluit, name genoem) te word. Tydelike aanvaarding is belangriker as aanvaarding in die ewigheid. Bv. Waarsku nie kinders wat gifbessies eet nie.
- **Onsekerheid oor sonde of oor die hemel**. Ek bly stil omdat my eie lewe nog nie reg is nie en ekself nie seker is of ek hemel toe gaan nie. Vgl. Marcel.
- **Ons is onkundig**. Ons het miskien nog nooit gesien hoe om iemand na die Here toe te lei nie.Ons het nie so opgegroei nie en weet nie hoe om iemand te help of wat om te sê nie. Ons is nêrens geleer of toegerus. Vgl. verpleegster met sterwende pasiënt wat vra hoe hy gered kan word.

- Hoekom moet ons getuig? **Lees saam**:
  - Lukas 19:10
  - Matteus 5:14-16
  - Matteus 10:32-33
  - Matteus 28:19
  - Lukas 12:35-48
  - Lukas 16:19-31
  - Handelinge 1:8
  - Handelinge 8:4

Antwoord:

- **Jesus se voorbeeld**. **Luk.19:10**. Jesus se missie op aarde was om sondaars te soek en te red die wat verlore is. Hy het gekom om sondaars te red. Jesus was besorg oor elkeen wat oor Sy pad gekom het soos die redding van die samaritaanse vrou, Saggéüs, Matteus en Petrus. Toe Jesus se bediening begin het, het Hy na Galilea gegaan en die evangelie van God verkondig aan die mense. "***Bekeer julle en glo die evangelie***." **Mark.1:15**. Tydens Jesus se 3 jaar bediening het Hy as 'n Vriend van sondaars (**Luk.15:2**) uitgereik na tollenaars, prostitute en mense wat as sondaars bestempel en vermy is. Hy het die kerk van Sy dag probeer leer dat hulle nie net met godsdienstige rituele en gewoontes moet besig wees nie, maar moet betrokke raak by mense se fisiese en geestelike nood.
- Jesus leer dat die kerk is die **sout**, die **suurdeeg** en die **lig** van die wêreld. **Matt.5:14-16**. Die kerk is die lig in hierdie donker wêreld van die prins van die duisternis en die Christene is die lig wat die duisternis moet verdryf. 'n Lamp mag nie wegkruip of weggesteek word nie, maar moet openlik op 'n staander geplaas word sodat die lig helder kan skyn in die donker. Die bedoeling van suurdeeg, sout en lig is m.a.w. om 'n impak te maak. Met hierdie beelde het Jesus geleer dat Sy dissipels moet uitreik na die wêreld om hulle te beïnvloed en te help om ook volgelinge van Jesus te word. Die kerk is nie bedoel om net met homself besig te wees nie, maar om mense buite die kerk te beïnvloed en Jesus te bely en nie te verloën nie. **Matt.10:32-33**.
- **Jesus se groot opdrag**. **Matt.28:19**. **Mark.16:15**. Toe Jesus Sy eerste dissipels geroep het, het Hy vir hulle gesê dat as hulle Hom volg, dan sal Hy hulle vissers van mense maak. **Matt.4:19**. Na Jesus se kruisdood en opstanding het Hy by Sy Hemelvaart Sy laaste opdrag gegee naamlik om uit te reik na die wêreld en aan hulle die evangelie te verkondig en hulle te help om ook dissipels van Hom te word. Hiermee is dit duidelik dat die **missie** van die kerk is om op 'n verlore wêreld te fokus en hulle te help om deel van Christus se kerk te word.
- **'n Dag van Rekenskap**. **Luk.19:10-29**, **12:35-48**. Jesus glo aan die hel en preek meer daaroor as oor die hemel nl. 33x. Met ander woorde in 3 jaar preek Hy 1x pm daaroor. Hel kom 167 x in die Bybel voor. Een van Jesus se prominente temas in Sy prediking was gewees dat daar 'n oordeelsdag kom en God se toorn oor die sonde en elkeen wat nie verlos is, sal kom. Almal sal voor God se Regterstoel verskyn om rekenskap te gee oor die taak wat hulle van God ontvang het hier op aarde. Elkeen van ons is deur God met 'n doel geskape en het 'n baie spesifieke taak op aarde. Hierdie taak hang saam met Sy groot opdrag om mense dissipels van Hom te maak. Daarom ontvang ons **goue munte** en opdragte waaroor ons eendag rekenskap sal moet gee. As ons as kerk nie ons taak uitvoer nie wag daar oordeel. Jesus het ook 'n verhaal vertel van 'n man wat in die hel beland het omdat hy nooit vir sy **5 broers** gewaarsku het dat hulle op die verkeerde pad is nie. Hierdie ryk man is gepynig in die hel deur die verwyte en ongehoorsaamheid en die wete dat sy broers ook na hierdie verskriklike plek van straf op pad is. **Luk.16: 19-31**.

Besprekingsvrae en antwoorde

- **Rede vir die koms van die Heilige Gees**. **Hand.1:8**. Die Here het nie net 'n laaste opdrag gegee nie, Hy het ook die toerusting gegee om hierdie opdrag uit te voer. Ons sien hoe die dissipels se lewens verander het nadat hulle vervul is met die Heilige Gees. Vroeër was hulle **bang**, **skaam** en onseker om te getuig. Nadat hulle vervul is met die Gees, het hulle met nuwe vrymoedigheid, krag en outoriteit begin getuig en het mense tot bekering gekom. Jesus het belowe dat hulle nie bang hoef te wees as hulle in die hof sou beland oor hulle getuienis nie, want die Heilige Gees sal hulle bystaan en help en vir hulle die woorde gee op te praat. Daarom sien ons hoe die **gawes** van die Gees begin funksioneer het, sodat gewone en ongeleerde vissermanne in die krag van God die wêreld verander het en die kerk laat groei het.
- **Eerste Christelike gemeente** in Jerusalem is vir ons 'n voorbeeld en model. Die gemeente was Geesvervuld en het uitgereik na mense buite die kerk en daar is elke dag mense wat gered is by die gemeente gevoeg. **Hand.2:47**. Daarom het die 3000 gegroei na 5000 en kon hulle uiteindelik nie meer die gelowiges tel nie. Ten spyte van die vervolging het die gelowiges bly fokus op die kerk se roeping "***Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is , het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig***." **Hand.8:4**.
- **Ons lidmaat belofte**, gee ons toegang tot die kerk. Dit beteken dat elke lidmaat van die kerk belowe dat hulle God se Naam getrou voor mense sal bely. Daarom dank ons die Here wat die kerk weer lei om te verstaan dat ons 'n **missionale kerk** moet wees. Die gevaar is dat die kerk kan begin fokus op die gemeenskap om kos en klere te gee bloot soos enige ander welsynsorganisasie. As die kerk met Christus se liefde uitreik na die wêreld dan is die evangelie die belangrikste motivering en fokus. Dit help nie ons gee kos en klere en laat dan die belangrikste en grootste geskenk van die ewige lewe agterwee nie. Vgl. die kinders op die **CSV kamp** wat begin uitreik na ander.
- **Groeiende kerke in die wêreld**. In kerke wat groei dwarsoor die wêreld het elke lidmaat vir hulleself vooraf duidelikheid gekry of hulle regtig lidmate wou word. Hulle kom uit 'n eerste geslag Christendom en het nie in Christelike huise opgegroei nie. Daarom het hulle baie mooi bereken of hulle die toring wil bou voordat hulle begin het. Van die sterkste groeiende kerke oor die wêreld het by 'n klein groepie gelowiges **in 'n huis begin** en toe al meer mense ingenooi sodat daar tans, kerke van 30,000, 60,000 en 80,000 lidmate is. Hierdie gemeentes se **DNS** is dat jy bereid moet wees om vir ander van Christus te vertel. Party van hierdie gemeentes het in Moslem lande ontstaan waar Christene **vervolg** is en hulle werk en soms ook hulle huwelike en gesinne verloor het omdat hulle Christene geword het! Ons gemeente se visie is ook om meer en meer mense in ons kringe in te nooi.

- **Hoe sou jy ons gemeente se evangeliese impak evalueer aan die hand van die volgende?**
  - **Begroting**? Hoeveel geld word spandeer na binne vir die instandhouding van die kerk en hoeveel vir die toerusting en uitdra van die evangelie?
  - **Struktuur**? Is daar mense of 'n span wat spesifiek 'n opdrag het om te sorg dat die gemeente betrokke is by die gemeenskap en dat mense toegerus word om die evangelie uit te dra? Hoe word die evangeliese impak van die gemeente gemonitor en gedryf?
  - **Prioriteit**? Wat kry elke keer die voorkeur by besluite? Hoeveel aandag en tyd word spandeer deur die gemeente in die wêreld en in die gemeenskap?
  - **Prediking**? Hoe gereeld en sterk word die evangeliese klem van die preekstoel en van die leiers af in die gemeente ingedra? Is die evangelie en die redding van mense die fokus in die afkondiginge en die prediking?
  - **Kringe**? Is elke kleingroep ook 'n dissipelskapgroep wat gefokus is om nuwe mense te bereik en in 'n kring in te skakel? Of is die groep net gefokus op hulleself en besig met mekaar. Verstaan hulle om aan 'n kerk en 'n kring te behoort, beteken dat jy moet visse vang?
  - **Toerusting**? Verstaan **elke lidmaat** dat hy of sy 'n getuie moet wees en daarom het elkeen name van mense buite die kerk vir wie hulle gereeld voorbidding doen? Is daar maniere hoe lidmate in teorie en praktyk geleer word om die evangelie te verduidelik en mense te help om tot oorgawe te kom?

Opdrag

- Gee vir elkeen wat wil die geleentheid om iets te vertel wat Jesus vir hulle persoonlik gedoen het.
- Gaan deel jou storie hierdie week met iemand en kom vertel volgende week wat jy ervaar het.

Gebed

- Draai twee-twee na mekaar en noem die naam / name vir mekaar van mense vir wie jy graag wil bid om by Jesus uit te kom.
- Skryf hierdie name op 'n papiertjie en sit dit in jou Bybel of gebedsboek om jou te herinner om gereeld vir hulle te bid.
- Gee geleentheid vir elkeen wat 'n behoefte het om sy/haar lewe opnuut aan Christus toe te wy.